# Die leer oor die Kerk by Calvyn
# volgens sy Institusie 4.1 - 4.13

**Ware en valse kerk - Dienste - Kerkregering - Tug**

*Moet die sorg van die kerk nie al my gedagtes opneem nie …, en dat haar verlossing verkry word tot die vernietiging van die wolf? En steeds begeer ek nie dat 'n enkel individu in hierdie weg sal vergaan nie; maar my liefde vir die kerk en my besorgdheid oor haar belange voer my in 'n vorm van ekstase, sodat ek aan niks anders kan dink nie. Met sulke ywer moet elke ware pastor van die kerk brand*. – Calvyn (Kommentaar op Gal.5:12)

**INLEIDING**

Nadat Calvyn, volgens die Apostoliese Geloofsbelydenis,
- "Ek glo in God, die Vader, die Skepper" (Boek. 1),
- "Ek glo in God, die Seun, die Verlosser" (Boek. 2), en
- "Ek glo in God die Heilige Gees" (Bk. 3) behandel het,

gaan hy nou oor tot 'n bespreking van die laaste deel van die Geloofsbelydenis:

> "Ek glo aan die heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges".

In 'n sekere sin bring dit van die brandendste vraagstukke van die Christendom aan die orde omdat hierin bepaal moet word wat die ware kerk, die valse kerk en wat sektaries is. Dit is vandag nog netso belangrike vraag, as in Calvyn se tyd. In boek vier word die uiterlike hulpmiddels wat God daarstel vir die gelowige, uiteengesit. Dit behels twee hulpmiddels:

a. Die kerk [4.1-19], en
b. Die burgerlike owerheid [4.20]

Onder die kerk as hulpmiddel, behandel Calvyn die volgende onderwerpe:

a. Die kenmerke van die kerk [4.1-2]
b. Kerkregering [4.3-7]
c. Kerklike mag [4.8-11]
- in leer (8-9)
- wetgewing (10)
- jurisdiksie (11)

d. Die tug [4.12-13]
e. Die sakramente [4.14-19]

In hierdie samevattende opsomming ing word daar gelet op onderwerpe a tot d. Die voetnotas is ook bygevoeg.

**<u>Raamwerk</u>**

**a. Die kenmerke van die kerk [4.1-2]**
- die ware kerk [1.1-12]
- afdwalings: Anabaptiste en Perfeksioniste (Donatiste) [1.13-29]
- die valse kerk [2.1-12]

**b. Kerkregering [4.3-7]**
- ware kerkregering [4.3-4]
- valse kerkregering [4.5-7]

**c. Kerklike mag [4.8-11]**
- in leer (4.8-9)
- wetgewing (4.10)
- jurisdiksie (4.11)

**d. Die tug [4.12-13]**
- sensuur en afsnyding [4.12]
- geloftes [4.13]

**DIE WESE VAN DIE KERK [1.1-12]**
"*Iemand wat weier om 'n kind van die kerk te wees, streef in elk geval tevergeefs daarna om God as sy Vader te besit. Want God skep en dra sy kinders deur die bediening van die kerk totdat hulle opgroei en volle wasdom bereik*." – Calvyn op Gal. 4:26.

**Inleidend**
"Omdat ons in ons onkunde en traagheid, uiterlike hulpmiddels nodig het om die geloof in ons te verwek, dit te laat aangroei en na sy doel te laat vorder, het God ook hierdie hulpmiddels bygevoeg om ons swakheid in aanmerking te neem; en om die verkondiging van die evangelie van krag tot krag te laat gaan, het Hy hierdie skat by die kerk gelaat. Hy het herders en leraars ingestel om diegene wat aan Hom behoort, deur hulle mond te leer, en Hy het hulle met gesag toegerus. Kortom: Hy het niks nagelaat wat tot heilige eensgesindheid en opregte orde kon bydra nie. Hy het ook sakramente ingestel en uit ervaring voel ons dat hulle uiters nuttige hulpmiddels is om ons geloof te koester en kragtig te maak." [IV.i.1]

**Die kerk volgens die Apostoliese Geloofsbelydenis [IV.1.2]**
Na aanleiding van die Apostoliese Geloofsbelydenis, "ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges" bespreek Calvyn vier aspekte:[1]

- 'ek glo'
- 'aan'
- 'kerk'

[1] Sien ook die verklaring van die Apostoliese Geloofsbelydenis, soos dit verklaar is in die Heidelbergse Kategismus, So.7-22.

- 'katoliek'
- 'gemeenskap van die heiliges'

Wanneer ons in die geloofsbelydenis praat van die 'kerk' word nie net die sigbare kerk bedoel nie, maar al God se uitverkorenes regdeur die geskiedenis. Calvyn beklemtoon twee woorde in hierdie belydenis oor die kerk, naamlik 'glo' en 'aan'. Die woord 'glo' word gebruik omdat ons baiemaal nie die onderskeid in hierdie lewe kan maak tussen die gelowiges en die goddeloses, tussen die skape en die wilde diere nie.[2]

Calvyn wys ook daarop dat ons nie 'in' die kerk glo nie (ons glo 'in' God waarin ons vertroue en geloof is), maar 'aan' die kerk. Verder is die kerk ook 'katoliek', wat beteken dit is universieël versprei oor die hele aarde. Hierdie eenheid lê daarin dat al die uitverkorenes een is in Christus, een liggaam, een Hoof, een geloof, een hoop, een liefde, een God deur die een Gees.[3]

**Gemeenskap van die heiliges [IV.1.3]**
Die deel in die belydenis, 'gemeenskap van die heiliges' wys dan spesifiek ook op die sigbare kerk, dat gelowiges die broederskap moet onderhou, die gesag van die kerk erken, en dus as 'n kudde optree. Die eenheid van die kerk moet sigbaar word in die gemeenskap van die heiliges.[4] In hierdie belydenis word die volgende aspekte bevestig:

- die kerk staan vas volgens God se uitverkiesing
- Christus sal Sy kerk altyd in stand hou.
- God se beloftes staan vas deur Christus.

Die woord 'gemeenskap' bevestig dat ons die gawes wat God aan ons skenk, met mekaar moet deel. Calvyn wys daarop dat die eenheid van die kerk nie afhanklik daarvan is dat ons dit met die oë kan sien en aan kan raak nie, daarom is dit 'n saak van die geloof, aangesien dit nie aan ons opgedra word om in die kerk te onderskei tussen die uitverkorenes en die verworpenes nie.[5]

**Die sigbare kerk is waarlik die gelowiges se moeder [IV.1.4]**
Calvyn gebruik ook die beeld vanuit die Skrif dat die kerk ons moeder is wat ons in die baarmoeder dra, geboorte skenk, ons voed en vertroos en beskerm totdat ons die ewigheid ingaan, en daarom mag geen gelowige dit verlaat nie, want daar vind ons ook die vergifenis van sonde en die verlossing.

---

[2] "Ons glo dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is, aangesien al die sektes wat daar vandag in die wêreld is, hulle en ten onregte die naam kerk toe-eien. Ons praat hier nie van die huigelaars wat in die kerk met die goeies vermeng is en tog nie aan die kerk behoort nie alhoewel hulle uiterlik daarin is; maar ons sê dat 'n mens die liggaam en die gemeenskap van die ware kerk moet onderskei van al die sektes wat beweer dat hulle die kerk is." – NGB artikel 27
[3] Ef.4:4-6.
[4] HK, v&a 55.
[5] "Verder moet oor hulle wat hulle geloof in die openbaar bely en hulle lewe verbeter, volgens die voorbeeld van die apostels, baie gunstig geoordeel en gepraat word, want die binneste van die hart is aan ons onbekend." – DL ¾.15

**Die kerk as middelpunt van onderwysing [IV.1.5]**
Die HERE wil hê dat Sy kinders opgroei tot volle wasdom in Christus, en dit wil Hy doen deur die verkondiging van die Woord. Daarvoor het Hy verskillende dienste ingestel waaroor later gehandel word. Die Gees werk deur die Woordverkondiging en nooit los van mekaar nie. [IV.1.6]

**Sigbare en onsigbare kerk [IV.1.7]**
Die onsigbare kerk is wat alleen deur God se genade aangeneem is, die uitverkorenes deur al die eeue, van die begin tot die einde, terwyl die sigbare kerk al die mense regoor die wêreld is wat bely dat hul een God en Christus dien, waaronder ook baie huigelaars is.[6] Calvyn wys daarop dat ons moet glo dat daar 'n onsigbare kerk is wat alleen aan God bekend is, en om daarom ook die sigbare kerk hoog te ag en die gemeenskap daarmee te onderhou. Dus, ons kan nie die onsigbare kerk as 'n verskoning gebruik om nie die sigbare kerk op te soek nie.[7]

**Merktekens van die lidmate van die sigbare kerk [IV.1.8]**
Omdat God ook die sigbare kerk wil, het hy die volgende merktekens aangewys, waarvolgens ons almal vir lidmate van die kerk moet hou:[8]

- belydenis van die geloof
- voorbeeldige lewenswandel
- deelgenootskap aan die sakramente

**Die merktekens van die ware kerk is as volg [IV.1.9]**

- suiwere verkondiging van God se Woord, en
- die bediening van die sakramente

Hieruit blyk dit dat Calvyn nie, soos NGB artikel 29, die handhawing van die tug, as derde kenmerk van die ware kerk erken het nie. Dit kan moontlik as volg verduidelik word, naamlik dat hy wel die tug reeds ingeslote vind by die twee bogenoemde kenmerke, aangesien hy op ander plekke in sy *Institusie* die tug ook bynoem as hy die ware teenoor die valse kerk bespreek.[9]

Die kerk is die pilaar en grondslag van die waarheid en die huis van God en daarom mag niemand hom van die kerk afskei of haar eenheid verbreek nie, want daardeur word Christus verloën. Hier moet rekening daarmee gehou word dat Calvyn oor die ware kerk spreek.[10]

---

[6] Sien voetnoot 2.
[7] NGB artikel 28. Dit is dalk beter om te praat van 'n sigbare en onsigbare kant van die een algemene Christelike kerk.
[8] Sien NGB artikel 29.
[9] Hy skryf bv. op 'n plek: "Ten derde moet ons daarop let dat hierdie seën deur die kerk se dienaars en herders deur óf die verkondiging van die evangelie óf die bediening van die sakramente aan ons uitgedeel word en dat **die sleutelmag** wat die Here aan die gemeenskap van die heiliges verleen het, **veral in hierdie opsig uitstaan**." [IV.1.22; sien ook IV.3.4]
[10] Ons moet ook 'n duidelike onderskeid handhaaf tussen die verlating van die plaaslike kerk en die verlating van 'n kerkverband, en om laasgenoemde gelyk te stel *in alle gevalle* aan eersgenoemde, is in stryd met art.28 van die NGB, terwyl laasgenoemde ook baie maal vereis kan word juis ter wille van die handhawing suiwerheid en waarheid van die plaaslike kerk: "Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig."

Calvyn lê daarom nadruk daarop dat, solank die kenmerke funskioneer in 'n kerk, selfs in swakheid en gebrekkigheid, ons nie daarvan mag afskei nie en daarom die foute moet verdra wat die kerk nog aankleef. Hier wys hy dan ook op die kwessie van middelmatige sake wat hy later deegliker sal bespreek, maar waarsku tegerlykertyd dat hy daarmee glad nie bedoel dat die 'allergeringste dwaling in beskerming' geneem moet word deur die kerk nie. Ons plig is juis om in die kerk alles te verbeter. Vervolgens gaan Calvyn voort om sekere afdwalings aan te spreek, in die res van hoofstuk een van boek vier.

**Afdwalings[IV.1.13-29]**

*Anabaptiste en Perfeksioniste (Donatiste)*

Calvyn weerlê die dwaling van hulle wat daarop roem dat hul in hierdie lewe volkome heiligheid kan bereik en hul daarom afskei van die mense –wat volgens hulle- nog te vleeslik is. Dit veroorsaak natuurlik dat hulle gemeenskap met die kerk opsê wat volgens hul nie perfek is nie.[11] Calvyn verwys na voorbeelde van die vroeë kerk, die Donatiste, en die Wederdopers in sy tyd, wat sondig deur 'n ywer sonder verstand. Hierdie dwalings wil in stryd met die Skrif, reeds nou die koring van die kaf skei (Matt.13:24-47).

Calvyn noem selfs al is 'n kerk nalatig in die vervulling van sy plig, of as die lidmate se lewe nie altyd ooreenstem met die Christelike belydenis of ons eie opvattings nie, 'n mens hom nie sondermeer daarvan mag afskei nie, en wys ook op verskillende plekke in die Skrif (aartsvaders, profete, apostels, Christus) en deur die kerkgeskiedenis (Augustinus, Cyprianus) dat hierdie dwalings die kerk nie ten goede is nie.

Die eenheid van die kerk moet nie ligtelik opgeneem word nie. Dit is asof Calvyn saamstem met die Wederdopers van sy dag se aanklagte teen die kerk, maar nie met hul oplossings [afskeiding] nie. Hy wys ook daarop dat ons met mekaar se swakhede en onkunde geduld moet hê, met die wete dat God se beloftes vasstaan dat Hy Sy kerk altyd in stand sal hou. Calvyn beklemtoon dan veral drie dinge in hierdie verband:

- dat geen mens kan bestaan voor God as sy sondes nie vergewe word nie, ongeag hoe ver so 'n mens al in sy heiligmaking gevorder het nie,
- die seën van vergifnis en heiligmaking behoort so besonderlik aan die kerk dat ons daarom in die gemeenskap van die kerk moet bly, en
- dat hierdie weldade aan ons uitgedeel word deur die verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente.

Wat pragtig na vore kom in hierdie afdeling, is dat Calvyn, wat baiemaal ten onregte aangekla word van 'hardheid' en 'gevoelloosheid', juis klem lê op die liefde en barmhartigheid wat God met Sy kinders, die kerk het, en daarom moet ons wat in die kerk is soveel te meer dit aanmekaar bewys. Daar moet met magtigheid verhoed word dat die sondaar nie deur droefheid verteer word nie. Hy skryf o.a.:

- "Want die profete is vol sulke beloftes wat nogtans **barmhartigheid vir die volk** bied ten spyte daarvan dat hulle met eindelose misdade bedek is. Watter misdaad is erger as rebellie? Dit word immers *egskeiding* tussen God en die kerk genoem en tog word dit deur **God se goedertierenheid** (c*hesed)* oortref (sien Jer.3:1,12,14; Esg.18:23,32;

[11] Vandag word hierdie gedagtes gevind in die sogenaamde heiligheidsbewegings, o.a. pinkster en charismatiese groepe, asook in sekere ariminiaans-fundamentalistiese groeperinge.

1 Kon.8:46). [Hier kan bygevoeg word God se woorde aan Sy volk, aan die Kerk ook vandag: "Die HERE het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met **goedertierenheid**. (Jer.31:3)."] – IV.1.25.

- "Maar as ons in die Skrifte glo wat uitdruklik uitroep dat die genade en toegeeflikheid van die Here uiteindelik ten volle in Christus geopenbaar is, dat die rykdom van sy b**armhartigheid** oor ons uitgegiet is, en dat die versoening tussen God en die mense volbring is, moet ons nie twyfel dat die sagmoedigheid van ons hemelse Vader oorvloediger te voorskyn gekom het eerder as dat dit afgesny of ingekort is nie." – IV.1.26.

Die grondslag van dit alles lê nie in die mens nie, of wat die mens enigsins kan doen nie, maar alles en alleen in God se ewige genadige soewereine verbond in Chirstus:

> "Want die onskendbare verbond van die Here bly **en sal vir ewig bly**. Hierdie verbond het Hy plegtig **met Christus**, die ware Salomo, en sy lede met die volgende woorde gesluit: "As sy kinders my wet oortree en nie in my bepalings wandel nie; as hulle my insettinge verontreinig en my gebooie nie bewaar nie, sal Ek hulle ongeregtighede met die roede besoek en hulle sondes met slae. Ek sal my **barmhartigheid** egter nie van hulle af wegneem nie (sien Ps.89:31-38)." – IV.2.27

**Die valse kerk [IV.2.1-12]**
Met die behandeling van die ware kerk as agtergrond, behandel Calvyn die valse kerk. Omdat die Roomse kerk van die waaragtige Woordverkondiging en ware bediening van die sakramente afgewyk het, kan dit nie daarop aanspraak maak dat dit die ware kerk is nie.

In die plek van die Woord, het leuens gekom, in die plek van die sakramente, heiligskennis. Die opeenvolging van biskoppe is nutteloos as die nageslag nie die waarheid van Christus bewaar en daarin volhard nie.[12] Calvyn stel dit dat die naam 'kerk' nie waarlik as kerk van Christus beskou kan word as God se Woord nie aanwesig is nie, want die kerk –soos Paulus skryf- is op die leer van die apostels en profete gebou en nie op die oordeel van mense of op priesterskappe nie.[13]

Baie belangrik, nadat Calvyn in die vorige hoofstuk self gewaarsku het dat daar nie ligvaardig met die eenheid van die kerk omgegaan moet word nie, hy wel waarsku teen die valse eenheid en valse beskuldiging wat deur Rome aan die Hervorming toegeskryf word, nl. dat laasgenoemde ketters en skeurmakers is. Hy wys daarop dat eenheid deur twee bande saamgebind word:

- eenstemmigheid in die gesonde leer, en
- broederlike liefde

---

[12] Netso kan ons vandag soveel roem oor die verlede van ons kerke, maar as ons huidige geslag nie ook die Woord bewaar nie, is dit tevergeefs (Ps.127:1).
[13] So kan vandag bygevoeg word … nie op die oordeel van die wetenskaplike geleerdheid nie …

Aangesien vandag, in ons kerkverband veral laasgenoemde baie rondgeslinger word, is die volgende woorde van Calvyn baie belangrik, wat hy uitspreek direk daarna:

> "Die broederlike liefde is egter so nou aan die eenstemmigheid in die geloof verbind dat laasgenoemde die begin en end van eersgenoemde is."

Alles word bepaal of dit 'in Christus' is, en in sy eie woorde, met verwysing na Paulus in Fil.2:2-5, skryf hy: "Daarmee gee hy te kenne dat iets wat sonder die Woord van die Here gebeur, nie die eensgesindheid van gelowiges is nie maar 'n kliek van goddeloses." [IV.2.5]

Calvyn vra dan ook die vraag wie dit sou waag om 'n vergadering 'n kerk te noem waar die bediening van die Woord, die siel van die kerk, openlik en ongestraf met die voete vertrap word? Met Rome se verwysing na die afgodery wat ook in die midde van Israel baiemaal plaasgevind het, erken Calvyn dat die profete nie op afsonderlike plekke aanbid het nie, omdat hulle die gebod van God gehad het om na die tempel te gaan.[14] Wat egter belangrik is, is dat hulle nie gedwing is om aan die bygelowige dienste deel te neem nie en het "hulle het niks onderneem wat nie deur God ingestel is nie." [IV.2.9]

Daarom is die sleutelmag van die kerk onlosmaaklik verbonde aan die Woord, wat nie te vinde is in die Rooms-Katolieke kerk nie. Calvyn kom gevolglik tot die konklusie dat die Pous die leier is van die Anti-christelike ryk, en toon die Roomse kerk meer die voorkoms van Babilon as die heilige stad van God het.

## DIE KERKREGERING [IV. 3-7]

### Ware kerkregering [IV. 3-4]

God wil Sy kerk ordelik regeer.[15] Hierdie heerskappy oefen Hy deur Sy Woord uit en daarvoor gebruik Hy mense. Daar is drie redes waarom God sy diens deur mense verrig:[16]
a. Sy goedsgunstigheid jeens ons om Hom te verteenwoordig hier op aarde.
b. Dit is vir ons goeie oefening in nederigheid en gehoorsaamheid aan ander mense wat die Woord aan ons verkondig.
c. Om die onderlinge liefde te voed deur die herder wat aangestel is, en om 'n gemeenskaplike leer te ontvang.

Die ampte moet daarom by ons hoog aangeslaan word, nie omdat die mens opsigself so waardig is nie, maar omdat God die ampte daargestel het.

*Soorte dienste*
Paulus gee 'n lys van ampte in Efesiërs 4, waarvan slegs die herders en leraars oorgebly het. Sonder hierdie ampte kan die kerk nooit wees nie, want hulle moet die Woord uitlê en die sakramente en tug bedien. Vervolgens erken Calvyn 2 ampte, naamlik ouderlinge en die diakens, wat instellings van God self is. Elke kerk moet sy eie herder en eie kerkraad hê. Die sorg van die armes, d.w.s. die diens van barmhartiges, is aan die diakens opgedra. Die oorsprong, instelling en amp van diaken vind ons in Hand.6.

---

[14] Sien ook voetnoot 10.
[15] Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan. – 1 Kor.14:40
[16] Sien NGB, artikel 27-32

Vervolgens wys Calvyn daarop dat:
a. elke ampsdraer inwendig en uitwendig geroep moet word,
b. ‘n ampsdraer moet voldoen aan die Skrif se vereistes (1 Tim.3; Tit.1).
c. Die verkiesing van ampsdraers moet met die eenstemmigheid en goedkeuring van die gemeente, onder leiding van die herders plaasvind.
d. Die ampsdraers moet deur handoplegging in die amp gestel word. Daar is egter geen uitdruklike gebod daarvoor nie, alhoewel dit o.g.v. die gebruik van die apostels vir ons as ‘n gebod geld.

**Valse kerkregering [IV.5-7]**
Calvyn wys dat wat hy uiteengesit het in die kerkregering en die Woordverkondiging hierbo, in lyn is met die die ou kerk voordat dit afgedwaal het deur die Pousdom:

- Die Pousdom het die volk nie meer die ampte laat verkies nie. Calvyn skryf: “Ek herhaal: eertyds het die (kerk)volk die heel beste reël gehad omdat die Woord van God aan hulle voorgeskryf het dat ’n biskop onberispelik, ’n leraar, een wat nie veglustig is nie, ensovoorts, moet wees. Waarom is die verkiesingsbevoegdheid dan van die volk af na die kanunnike[17] oorgedra? Natuurlik omdat die Woord van God nie te midde van die oproer en faksies van die (kerk)volk gehoor is nie ! En waarom word dit nie vandag weer van hulle af (na die kerkvolk) oorgedra nie aangesien hulle nie alleen alle reëls skend nie maar ook alle skaamte laat vaar het en wellustig, gierig en ambisieus dinge van die mens met dinge wat God aangaan, vermeng en verwar?” [IV.5.2]

- Die biskoppe en die diakens het nie meer hul roeping volgens die Skrif gevolg nie.

- Een man word aangestel om bv. ses kerke te regeer, maar hy kan homself nie eers regeer nie.

- Die diakenamp het ontaard in die vryheid om te steel, bv. kerkgoedere wat verkwis word.

- Die biskoppe verryk hulself ten koste van die armes.

- Die valse leer van die Roomste stoel, nl. die Pous in Rome, weerlê Calvyn vanuit die Skrif en die kerkgeskiedenis. Die bekende gedeelte in Matt.16:18 ‘Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek My gemeente bou’, wys nie op Petrus as die eerste Pous nie, maar op sy belydenis (v.16), en dit is Christus (1 Kor.3:11). Alleen Christus is die Hoof van die Kerk, in die hemel en op die aarde (Matt.28:18-20; Ef.1:22).

Calvyn wys ook duidelik daarop dat die Pousdom – en dus die Roomse Kerk - nie in die vroeë kerk was nie. Hy skryf:

---

[17] “Die word *canonicus* het verskikkende betekenisse. Hier dui dit op daardie geestelikes wat onder die jurisdiksie van die biskop geval het en wie se name op die amptelike dienslys (kanon) van permanent aangestelde geestelikes van ‘n biskopsetel verskyn het.” – HW Simpson-vertaling van die *Institusie*, bl.1355, voetnoot 2.

> "En tog is dit hierdie openbarings na aanleiding waarvan die Romaniste hulle pousdom gewaardeer wil hê ! Hieruit het daardie pragtige beginsels wat hulle vandag oral in die pousdom as godsprake voorhou, ontstaan, byvoorbeeld dat die pous nie 'n fout kan begaan nie, dat die pous hoër as konsilies is, dat die pous die universele biskop van alle kerke is, en dat hy die opperhoof van die kerk op aarde is. Ek verswyg maar die snert wat nog baie onsinniger is waaroor die onnosel kanoniste in hulle skole babbel. Roomse teoloë stem egter nie alleen daarmee saam nie maar hulle juig dit selfs toe om hulle afgod te vlei." [IV.7.20]

Volgens Calvyn het die tirannie veral vanaf die tyd toe Bonifacius II Rome as hoof van alle kerke verklaar het, toegeneem. Bernardus kla bv.

> "dat eersugtiges, gieriges, simoniste, heiligskenniges, bywywe, bloedskandiges en dergelike gedrogte van oor die hele wêreld na Rome stroom om op apostoliese gesag kerklike ereposisies te bekom of te behou. Bedrog, misleiding en geweld het hoogty gevier. Hy sê dat die wyse van regspraak toe afstootlik was, en 'n skande nie alleen vir die kerk nie maar ook vir die gereg. Hy protesteer dat die kerk vol eergierige mense is en dat niemand meer sidder om misdade te begaan as rowers wat in spelonke die buit van reisigers onder mekaar verdeel nie." [IV.7.18]

Op grond van sy uiteensetting van die skandale en valse leer van die Roomse Kerk, kom Calvyn opnuut tot die konklusie dat die pous die Antichris is:

> "Aangesien dit derhalwe vasstaan dat die Roomse pous iets wat God alleen en Christus besonderlik toekom, skaamteloos op homself oorgedra het, moet daar geen twyfel daaroor bestaan dat hy die leier en die vaandeldraer van hierdie goddelose en afstootlike ryk is nie." [IV.7.25].

**DIE KERKLIKE MAG [4.8-11]**

Dit behels drie aspekte:

- om te leer
- om om wette te maak
- en reg te spreek

*Die leer en regering (4.8-9)*

Alle gesag wat aan die ampte gegee word, is vir die diens waarvoor hul aangestel is. Hulle moet in die Naam van Christus en volgens die leer van die Woord regeer. Geen profeet het gespreek as die Here hom nie die woorde in die mond gelê het nie. Daarom skryf Calvyn oor die apostels en Christus se voorbeeld:

> "Hy wat altyd die enige en ewige Raadgewer van die Vader was, en wat deur die Vader as Here en Meester van almal aangestel is, skryf deur sy voorbeeld aan alle bedienaars voor watter maatstaf hulle in hulle onderwysing behoort te volg omdat hy nogtans die leeramp verrig. Die mag van die kerk is dus nie eindeloos nie maar dit is aan die Here se Woord ondergeskik en as't ware daarin ingesluit." [IV.8.4]

Calvyn leer dat Christus die laaste Profeet is, en dat ons nou deur die Skrifte alles moet vasstel vir die kerk. Die grondreël volgens Calvyn is:

> "Laat dit dus vir ons 'n vaste beginsel wees dat ons geen ander woord as die Woord van God moet beskou of in die kerk daarvoor plek moet inruim as die Woord wat eerste in die wet en die profete en daarna in die skrifte van die apostels saamgevat word nie; verder ook dat daar geen ander metode om na behore te onderwys in die kerk bestaan nie as volgens die voorskrif en die rigsnoer van daardie Woord nie. Hieruit lei ons ook af dat geen ander Woord die apostels toegelaat is as wat die profete eertyds gehad het nie, naamlik om die Skrif van ouds te vertolk en aan te toon dat dit wat daar geleer word, in Christus volbring is; en dat hulle dit nogtans nie sou doen sonder die Here nie, dit is, met die Gees van Christus as hulle Voorganger wat die woorde op een of ander wyse aan hulle voorsê.
>
> Toe Hy hulle beveel het om uit te gaan en te leer, het Christus hulle sending trouens met hierdie wet begrens, dat hulle nie dinge moes leer wat hulle self ondeurdag versin het nie, maar alles wat Hy hulle beveel het. En niks duideliker kan gesê word as wat Hy self elders sê nie: "Julle moet nie Rabbi genoem word nie, want een is julle Leermeester, naamlik Christus". Om dit verder nog dieper in hulle gemoedere in te skerp, herhaal Hy dit tweemaal in dieselfde verwysing. En omdat hulle die dinge wat hulle uit die mond van die Meester gehoor en geleer het, vanweë hulle stompsinnigheid nie kon begryp nie, word die *Gees van waarheid* aan hulle beloof sodat hulle daardeur tot ware kennis van alle dinge gelei kon word.
>
> Ons moet trouens aandagtig op hierdie beperking let dat Hy aan die Heilige Gees die taak toeken om alles wat Hy tevore met sy mond geleer het, tot hulle beskikking te stel." [IV.8.8.]

Alle menslike uitvindsels moet verwerp word, sodat die suiwere Woord in die vergadering van die gelowiges geleer kan word:

> "Dit is naamlik dat God mense die mag om nuwe leerstellings aan die lig te bring, ontneem met die doel om alleen in die geestelike leer ons Meester te wees aangesien Hy alleen waaragtig is en omdat Hy nie kan lieg en bedrieg nie. Hierdie rede het ewe veel betrekking op die hele kerk as op elkeen van die gelowiges." [IV.8.9]

Contra die Rome het die kerk geen gesag buite om God se Woord nie, maar is daardeur gebind en juis daarom is die Woord en Gees onlosmaaklik verbind aan mekaar:

> "Hy het die kerk egter verbied om iets by sy Woord by te voeg of iets daarvan weg te neem. Dit is 'n onskendbare besluit van God en die Heilige Gees (Joh.16:13; 14:26) wat ons teenstanders probeer herroep wanneer hulle hulle verbeel dat die kerk sonder die Woord deur die Gees regeer word." [IV.8.13]

Ook hier spreek Calvyn 'n wyse woord tot ons tyd, aangesien hy duidelik daarop wil wys dat ons mense alleen kan bind aan God se bevele, en nie aan die mening van mense nie:

> "Dit beteken dat dit nie geoorloof is om meer te leer en iets as 'n Godspraak te onderrig wat die Here nie in sy Woord geopenbaar het nie. Mense met gesonde verstand kan immers sien hoeveel gevaar daarin is as soveel reg eenmaal aan mense verleen is. Hulle kan ook sien hoe 'n groot venster vir die bespotting en gekyf van goddelose mense oopgemaak word as ons sou beweer dat iets wat na die goeddunke van die mens ontstaan het, onder Christene as 'n Goddelike uitspraak beskou moet word." [IV.8.15]

Vandag is daar baie in die kerke wat mense wil bind aan sake wat die Skrif nie aan bind nie, of wat wil vryheid verleen waar die Skrif dit nie doen nie.[18]

Calvyn erken die konsilies van ouds, solank hul dit sal eerbiedig dat Christus ook daar deur Sy Woord en Gees regeer. Calvyn maak dan die volgende baie belangrike opmerking in die verband:

> "... dat Christus geen belofte maak nie behalwe aan diegene wat in sy Naam vergader is. Laat ons derhalwe beskryf wat dit beteken. Ek ontken dat mense in Christus se Naam vergader is wat God se gebod verwerp waarvolgens Hy gebied dat niks by sy Woord gevoeg of daarvan weggeneem mag word nie, en wat na eie goeddunke enige besluit neem wat hulle wil. Dit is mense wat nie met die Godsprake van die Skrif tevrede is nie, terwyl dit die enigste rigsnoer van die volmaakte wysheid is, en wat uit hulle kop enigiets nuuts uitdink.
>
> Aangesien Christus in elk geval nie beloof het dat Hy by elke konsilie aanwesig sal wees nie, maar daaraan 'n besondere teken verleen het waarvolgens Hy ware en wettige konsilies van ander onderskei het, betaam dit ons om hierdie onderskeid hoegenaamd nie te versmaai nie. Die verbond wat God eertyds met die Levitiese priesters gemaak het, is dat hulle uit sy mond moes onderwys. Hy het dit ook altyd van die profete vereis en ons sien dat hierdie wet ook die apostels opgelê was.
>
> Diegene wat hierdie verbond skend, ag God nie die eer van 'n priester of enige gesag waardig nie. Laat ons teenstanders nou vir my hierdie probleem oplos as hulle my geloof sonder die Woord van God aan besluite van mense wil verpand." [IV.9.2]

Calvyn erken die wettigheid van konsilies, maar hulle is nie onfeilbaar nie. Ten einde kan die wettigheid of onwettigheid van konsilies alleen bepaal word deur die Skrif te laat spreek.[19] Vervolgens moet die volgende aspekte in ag geneem word as 'n besluit van 'n konsilie aangehaal word:

> "... maar so dikwels 'n besluit van die een of ander konsilie die lig sien, sou ek graag wou hê dat eers deeglike oorweging geskenk word aan die tyd waarop, om watter rede, en met watter doel die konsilie plaasgevind het en watter soort mense daar aanwesig was. Ten tweede sou ek graag wou hê dat die besluit waaroor gehandel word, noukeurig aan die Skrif getoets moet word—en dit op so 'n manier dat die

[18] Sien NGB, artikel 7 en 32.

[19] Was en is dit nie die oorspronklike bedoeling van DKO artikel 31 nie ?

besluit van die konsilie sy eie gewig moet dra en as't ware 'n voorwaardelike oordeel moet wees sonder om die ondersoek waarvan ek gepraat het, te belemmer... Hoe dit ook al sy, ons sal nie op 'n ander manier tussen teenstrydige en botsende konsilies—en daar was baie daarvan—onderskeid kan maak nie tensy ons alles in daardie weegskaal van alle mense en engele waarvan ek gepraat het, dit is aan die Woord van God toets.

So aanvaar ons die konsilie van Chalcedon maar verwerp die tweede konsilie van Efese omdat Eutyches se goddeloosheid hierin bekragtig is terwyl die eerste konsilie dit verdoem het. Heiliges het so 'n onderwerp slegs aan die hand van die Skrif beoordeel en ons volg hulle in hulle oordeel so dat God se Woord wat sy lig vir hulle laat skyn het, nou ook vir ons sy lig laat skyn. Laat die Roomsgesindes gerus nou maar begaan en hulle na gewoonte daarop beroem dat die Heilige Gees aan hulle konsilies geheg en gebind is." [IV.9.8-9]

Vandag sal dit beteken dat ons sinodes en alle kerkvergaderings as wettig moet beskou, maar dat hul ook kan dwaal en daarom moet hul besluite almal aan die Skrifte getoets word.

Calvyn wys verder daarop dat toe Rome hul nie kon verdedig het op grond van die Skrif nie, hul valslik 'n beroep begin doen het op mag en dat almal hul moet onderwerp aan hul dwalinge, met verwysing na Hebr.13:17. Calvyn antwoord daarop dat ons alleen as geestelike leiers erken, hulle wat nie van die wet van die Here afwyk nie (Jos.1:8) en dat ons die geeste op die proef moet stel (1 Joh.4:1). Die kerk (en die kerkleiers) het dus geen mag om iets nuuts te leer nie. Positief, erken Calvyn wel die noodsaak dat in sake van gemeenskaplike belang, en in ernstiger sake die kerke wel gesamentlik kan optree. Die konsilie se uitleg van 'n Skrifgedeelte is egter nie onfeilbaar nie.[20] Calvyn, weereens baie aktueel, stel dit as volg teen Rome, wat belangrik is vir die kwessies om Skrifbeskouing en Skrifgebruik, ook vandag:

"Maar die Roomsgesindes het 'n ander doel wanneer hulle leer dat die mag van Skrifuitleg by hulle konsilies berus—en dit sonder appèl ! Hulle maak immers van hierdie dekmantel misbruik om alles wat in konsilies bepaal is, *Skrifuitleg* te noem. Nie een enkele lettergreep sal in die Skrifte gevind word oor die vagevuur, oor die voorbidding van heiliges, oor die bieg en dergelike leerstellings nie. Maar omdat dit alles op gesag van die kerk ingestel is, dit beteken — om met groter waarheid daaroor te praat —, deur indrukke en gebruik aanvaar is, moet elkeen daarvan as Skrifuitleg beskou word !

En nie alleen dit nie, maar as 'n konsilie iets besluit ten spyte daarvan dat die Skrif daarmee bots, moet dit as *uitleg* bekendstaan! Christus beveel dat almal van die beker wat Hy in die nagmaal aanbied, moet drink. Die konsilie van Konstanz verbied egter dat die beker aan die (kerk)volk gegee mag word, maar bepaal dat die priester alleen daaruit mag drink. Hulle wil dat iets wat so lynreg in stryd is met Christus se instelling, as sy uitleg beskou moet word." [IV.9.14]

---

[20] Ibid.

*Om wette te maak [IV.10,11]*
Volgens Calvyn ontstaan hieruit die magdom menslike tradisies wat die mense se siele verwurg. Die kerk kan nie wette maak buite die Skrif om en die mense se gewetens daaraan bind nie:

> "Die gebruik het die oorhand gekry om alle besluite wat sonder God se Woord oor die godsdiens uit mense ontstaan het, *menslike tradisies* te noem. Dit is hierdie tradisies waarteen ons veg, en nie teen die heilige en nuttige instellings van die kerk wat bydra om dissipline of eerbaarheid of vrede te handhaaf nie.[21] En die doel van ons stryd is om die ontsaglike barbaarse oorheersing wat diegene wat as herders van die kerk beskou wil word, maar inderwaarheid die wreedste beuls daarvan is, vir hulleself teen ons siele toe-eien. Hulle beweer trouens dat die wette wat hulle maak, geestelike wette is en dat dit op die siel sien, en hulle verklaar dat hierdie wette noodsaaklik is vir die ewige lewe. So word die koninkryk van Christus, soos ek dit onlangs nog aangeroer het, aangeval; so word die vryheid wat deur Christus aan die gewetens van gelowiges gegee is, heeltemal onderdruk en platgeslaan." [IV.10.1].

*Middelmatige sake*
Die gewete van die mens moet dus bewaar word. Oor middelmatige sake, skryf Calvyn as volg:

> "In sake wat vanself middelmatig is, is daar 'n ander rede. Ons behoort ons trouens daarvan te weerhou as hulle enige struikelblok veroorsaak, maar ons gewete is daarin vry. Paulus praat byvoorbeeld soos volg van vleis wat aan afgode gewy is: "As iemand beswaar maak, moet dit dan ter wille van die gewete nie aanraak nie; maar ek sê: 'terwille van die gewete—nie jou gewete nie, maar die gewete van die ander een'." 'n Gelowige sou sondig as hy vooraf gewaarsku is, en nietemin sulke vleis sou eet. Hoewel hy hom nogtans met inagneming van sy broeder daarvan moet weerhou soos hy deur God voorgeskryf word, hou hy nogtans nie op om sy gewetensvryheid te behou nie. So sien ons dat daardie wet die uiterlike werk bind maar die gewete vrylaat."

Calvyn is dan ook van mening dat menslike wette, kerklik of burgerlik, wat goed en regverdig is, wel onderhou moet word.

Dit wat egter buite God se Woord omgaan, is verbode:[22]

> "So ver dit die volmaakte reël vir 'n goeie lewe aangaan, het die Here dit in sy wet so volledig saamgevat dat Hy die mens niks gelaat het om in die geheel hierby te voeg nie. ... As ons na behore in aanmerking neem dat dit 'n sonde is om iets wat God syne alleen gemaak het, op 'n mens oor te dra, sal ons besef dat alle mag afgesny is wat diegene hulle toe-eien wat hulle wil verhef om in die kerk die een of ander gebod sonder die Woord van God te maak." [IV.10.7]

---

[21] Sien NGB artikel 32.
[22] Sien HK, So.35, v&a 96. In hierdie woorde lê ook die wortels van wat later bekend sou staan as die 'regulerende beginsel van die erediens'.

Calvyn gee twee redes waarom God alleen die Wegewer is:
a. Sy wet is die volmaakte reël van alle geregtigheid en heiligheid
b. Ons moet Hom gehoorsaam wees en in alles van Sy wil afhanklik wees

Volgens Calvyn, as ons hierdie twee aspekte in oog hou, sal ons maklik kan onderskei watter insettinge van mense met God se Woord in stryd is. Christus verwerp menslike tradisies wat Sy Woord vir menslike tradisies verruil (Matt.15:1-19), Hy eis gehoorsaamheid en nie offers nie (Jer.7:22). Calvyn verwerp Rome se aanspraak dat hul leer van die apostels en die profete kom met die volgende woorde:

> "Ons sal dan maklik bevind dat dit geen kerk is wat die perke van die Woord van God te buite gaan en losbandig en teuelloos te werk gaan om nuwe wette te maak nie. ... Wanneer dit om diens aan die Here en om die voorskrifte vir saligheid handel, is daar in die volgende woorde niks ingewikkelds, niks duisters, en niks dubbelsinnigs nie, naamlik dat die kerk in sy geheel verbied word om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te neem.
> ... Gehoorsaamheid is immers beter as slagoffers en om te luister is beter as om vet van ramme te offer. Wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery en om nie daarby te berus nie 'n sonde van afgodediens". Dit is voor die hand liggend dat al die menslike uitvindings wat in hierdie sin op gesag van die kerk verdedig word, valslik aan die kerk toegeskryf word hoewel dit nie van 'n klag van goddeloosheid verontskuldig kan word nie." [IV.10.17]

*Ordereëlings*
Calvyn wys verder hoe die Nagmaal verval het in totale afgodery deur die Pousdom, alles buite die Skrif om. Belangrik wys Calvyn daarop dat ons moet onderskei tussen wette en wette. Volgens 1 Kor.14:30 is daar ordereëlings wat gehandhaaf moet word volgens wat nodig is om vrede en eendrag te handhaaf. Dit behoort egter nie tot die wese van ons godsdiens nie. Ons moet dus deeglik onderskei tussen goddelose menslike instellings en die bepalinge wat vir die goeie bestaan van die kerk noodsaaklik is. Tot hierdie ordereëlings behoort sake soos: tye vir die eredienste, rus en stilte in die vergadering, bepaalde tye om nagmaal te vier, kategetiese onderrig, sensuur, ens. ...

Ten slotte, omdat Hy niks uitdruklik hieroor geleer het nie, en omdat dit nie vir ons saligheid noodsaaklik is nie, en dit ooreenkomstig die gewoontes van elke volk en tyd verskillend aangepas moet word, sal dit paslik wees om enersyds gebruiklike instellings te verander en te herroep en andersyds nuwes in te stel na gelang die voordeel van die kerk dit vereis. Ek erken weliswaar dat ons nie ondeurdag of onverwags en ook nie om oppervlakkige redes ons daartoe moet wend om dit te vernuwe nie. Maar die liefde sal die beste oordeel oor wat skadelik en wat stigtelik is en as ons toelaat dat liefde dit regeer, sal alles wel wees." [IV.10.27-30]

Calvyn voeg dan dadelik by: "uiteindelik slegs daardie menslike instellings goedkeur wat sowel op God se gesag gegrond as aan die Skrif ontleen is en wat daarom Goddelik is," [IV.10.30] en dat dit die plig is van gelowiges om dit te onderhou.

*Om reg te spreek [IV.11]*

Die kerk het geestelike regering nodig om te kan bestaan:

> "Die regsprekende mag is samevattend dus niks anders as die orde wat geskep is om die geestelike bestel te handhaaf nie. Met hierdie doel voor oë is daar van die begin af howe in kerke ingestel om sensuur oor die sedes uit te oefen, gebreke te ondersoek en verantwoordelik te wees vir die uitoefening van die sleutelamp. Paulus dui op hierdie orde in sy brief aan die Korintiërs wanneer hy hulle *regerings* noem. Net so in sy brief aan die Romeine wanneer hy sê: "Laat hy wat regeer, met sorgvuldigheid regeer". Hy praat trouens nie daar met (burgerlike) owerhede nie—daar was toe nog geen Christelike owerhede nie—, maar met dié wat by die herders gevoeg is om die geestelike regering van die kerk waar te neem. In sy brief aan Timoteus onderskei hy ook twee soorte presbiters, naamlik sommiges wat in die Woordbediening werk en sommiges wat nie die verkondiging van die Woord verrig nie en nogtans goed regeer.
>
> Daar bestaan geen twyfel daaroor dat hy onder laasgenoemde groep diegene verstaan wat aangestel was om die sedes te ondersoek en ten volle van die sleutels gebruik te maak nie. Want hierdie mag waarvan ons praat, hang ten volle af van die sleutels wat Christus volgens Matteus 18 aan die kerk gegee het. Daar gelas Hy dat diegene wat persoonlike vermanings geminag het, ernstig in die openbaar vermaan moet word, maar hy leer ook dat, as hulle in hulle hardnekkigheid volhard, hulle die gemeenskap van die gelowiges ontsê moet word. ... Nou weet ons dat die sleutelmag in die bovermelde verwysings doodeenvoudig die prediking van die evangelie is, en dat dit nie soseer mag is nie, maar *diens* as ons dit op mense van toepassing maak. Christus het hierdie mag trouens nie eintlik aan mense gegee nie maar aan sy Woord en mense bedienaars daarvan gemaak."

Prediking is nie 'n mag nie, maar 'n bediening. Regspraak deur die kerk moet aanstoot verhoed en as daar was moet weggeneem word. Die strengste straf wat gehandhaaf kan word is die ban of die afsnyding. Calvyn wys daarop dat daar in die handhawing van die regspraak by Rome, niks van Christus en die ou kerk oorgebly het nie.

## DIE TUG [4.12-13]

*Sensuur en afsnyding [4.12]*

Calvyn wys daarop dat geen gemeenskap van mense, selfs geen huisgesin kan sonder tug bestaan nie. Die tug is 'n geneesmiddel vir sondaars wat afgedwaal het, en wat Christus handhaaf. Die grondslag van die tug is die persoonlike vermaning, wat deur die prediking en van huis tot huis moet plaasvind (Hand.20:20). Die volgende stap is om voor 'n getuie 'n broeder te vermaan, maar as hy volhard, dan moet hy uit die gemeenskap van die gelowiges gesny word. Persoonlike sondes moet nie in die openbaar aangespreek word nie, maar wel openbare sondes, soos bv. Paulus teenoor Petrus in die brief aan die Galasiërs. By verborge sondes moet die stappe volgens Matt.18 gevolg word, terwyl openbare sondes openbare bestrawwing vereis. Die strawwe moet ook wees volgens wat God in Sy Woord voorskryf.

Daar is 'n drieledige doel met die bestrawwing en afsnyding:[23]
- nie die nagmaalstafel te verontreinig nie
- om die skape te bewaar van verroting
- dat die sondaar uit skaamte berou kry

Daar moet verder onderskei word tussen ligte en bose vergrype en alle lidmate is onderworpe aan die tug. Die wettige afsnyding vind plaas deur die onderlinge met die medewete van de gemeente en onder aanroeping van die Naam van die Here. Die doel –die bekering van die sondaar- moet altyd in oog gehou word. Daarom word hy uit die gemeenskap van die gelowiges gesny, maar die oordeel word in God se hande gelaat, as dit Hom behaag, om die sondaar terug te bring. Daarom moet ons mekaar altyd verdra in die band van vrede.

*Vas*

Calvyn behandel ook die vas vir tye van persoonlike en openbare verootmoediging, en gee 'n aantal reëls vir die vas. Dit is die plig van herders om die kerk op te roep tot verootmoediging.

*Geloftes [IV.13]*

Calvyn waarsku ook teen oorhaastige en ondeurdagte maak van geloftes teenoor die Here. Geloftes kan wel nog gedoen word, solank dit in lyn met die Skrif is en in die geloof gedoen word. Immers, die Doop en die Nagmaal is die bindende geloftes wat ons aflê. Calvyn verwerp egter die kloostergeloftes wat in stryd is met die Skrif (veral om nie te trou en kinders te kry nie), en op eiewillige godsdiens gebaseer is. Hy kom ook op vir die belangrikheid van die gesin, as hy die monnikewese aanval met die volgende woorde:

> "Dit was pragtig dat hulle van al hulle goed afgesien het en dat hulle van alle aardse bekommernis vry was. Maar die sorge om 'n gesin godvrugtig te regeer word deur God van meer waarde geag. Dit is wanneer 'n heilige vader van 'n gesin, losgemaak en vry van alle hebsug, eersug en ander begeertes van die vlees, as doelstelling het om God in 'n bepaalde roeping te dien. Dit is voortreflik om in afsondering ver van die gewoel van mense af te filosofeer, maar dit is nie 'n kenmerk van Christelike vriendelikheid om as ' ware uit afkeer van die mensdom jou toevlug tot 'n woestyn en eensaamheid te neem en terselfdertyd die pligte te versaak wat die Here besonderlik aan jou opgedra het nie. Selfs al sou ons toegee dat daar geen ander euwel in hierdie roeping (van die monnike was) nie, was dit beslis geen middelmatige euwel dat dit 'n waardelose en gevaarlike voorbeeld in die kerk ingevoer het nie." [IV.13.16]

'n Onmoontlik gelofte wat die ondergang van die siel behels (soos bv. in die Roomse Kerk), wat God nie wil laat verlore gaan nie, moet nie onderhou word nie. [IV.13.21]

**Bronnelys**

- *Die Institusie van Calvyn*, verkorte weergawe deur ds. A Duvenhage (Kaapstad: NGK Boekhandel, 1978)
- *Institusie van die Christelike Godsdiens*, vertaal deur HW Simpson (Potchefstroom: CJBF, 1992)

[23] Sien HK Sondag 31.